’n Lidmaat se perspektief op die kerk

***Dawie Gouws** is ’n lidmaat en ouderling van die NG gemeente Vredenburg.*

Praat ek as ouderling met mense in my wyk ***oor die kerk*** word gewoonlik na die kerk verwys as ’n ander groep mense, iets daar anderkant, dalk die kerkraad en/of dominee – enigiets, maar nie óns hier nie. ’n Beeld van die Sinode is baie dowwer. Laat staan maar begrippe soos Buvton, Moderamen, PSD’s ens!

Waarheen mik ek? Dat ***kerk toe gaan*** en ***kerk wees*** vir die deursnee lidmaat twee verskillende dinge is. Met die meeste van ons se oorvol programme vra groter betrokkenheid as Sondag se erediens bywoning in elk geval baie opoffering. Die kroniese tekort aan tyd (vrye tyd!) ís ’n groot sondaar.

Vroeë aftrede (veral blanke mans) was ’n algemene verskynsel in die NG Kerk oor die afgelope ag tot tien jaar. Hierin lê dalk juis ’n geleentheid as ons hierdie teikengroep reg kan mobiliseer. Die Here omskep gewoonlik ons **ver**leentheid in ’n **ge**leentheid vir sy kerk!

Wie ís die kerk?

Dié wie se name op die lidmaatregister is? Die derde wat gereeld *oggenddienste* bywoon? Of is dit ’n nog kleiner groepie wat *aktief betrokke* is? Die formule wat gebruik word om die aantal predikantsposte per gemeente te bereken verwys (gerusstellend) na *belydende lidmate* – bedoelende *registerlidmate* – terwyl in die volgende asem gepraat word van *kerkloslidmate se bearbeiding.* Die term *belydende* kan hoogstens verwys na lidmate wat op een of ander stadium belydenis afgelê het, Ons kan die term slegs sinvol gebruik vir die twee derdes van die lidmate wat nooit in die kerk kom nie, as ons daarmee ’n bepaalde bedieingstrategie van die gemeente voor oë het.

Soms dink ek dat ’n beter verstaan van ons **roeping** as *gereformeerde Christene* ten grondslag lê daarvan of ons as lidmate eienaarskap neem van die kerk (kerk wees) al dan nie. Dit was goed om etlike artikels in kerklike media te lees *oor gereformeerde identiteit*, maar is dit nie nou nodig dat plaaslike gemeentes op gestruktureerde wyse *hande en voete gee* (by wyse van spreke) aan die begrip van “leef voor God” vanuit my gereformeerde roeping nie?

Etlike gemeentes het al die skuif gemaak weg van onderhoud gedrewe na roeping gedrewe programme.

Etlike gemeentes het al die skuif gemaak weg van **onderhoud gedrewe na roeping gedrewe programme.** Baie gemeentes (veral plattelandse gemeentes) is nog versigtig hieroor, want “handeklap-kerkhou” sal nie pas nie!

Dit is tog nie waaroor dit gaan nie. Ek wil beweer dat daar baie onaangewende energie in gemeentes is. Lidmate sál meer "aktiewe Christene" wees as hulle die begrip **roeping -gedrewe gemeente** beter verstaan.

Beplanning en steun vanaf die Moderamen en Buvton in hierdie opsig is verblydend, maar is dit genoeg? Die beskikbare mannekrag word baie dun gerek.

Die Here seën steeds die NG Kerk met leiers en teoloë van uitmuntende formaat. Ons het mense met die vaardigheid om diep teologiese begrippe/waarhede in 'n paar eenvoudige sinne prakties verstaanbaar te maak (byvoorbeeld die gesprekke oor *gereformeerde identiteit*). Hulle slaag daarin om my as gewone lidmaat te laat begryp dat die Bybel soms veel meer sê as wat ek as leek verstaan deur dit in Afrikaans te lees.

Ek is oortuig dat die Here steeds 'n groot plan het met die NG Kerk as deel van sy kerk.

Ek is oortuig dat die Here steeds 'n groot plan het met die NG Kerk as deel van sy kerk. Waarom anders gee Hy steeds vir ons sulke hulpbronne.

Die Kaapse kerk is daarby finansieel sterk. Miskien is dit so beskik met die oog op 'n tyd soos hierdie sodat meer kundiges in diens geneem kan word om gemeentes te help om die swaai te maak.

Dat die kerk as 't ware 'n nuwe baadjie sal moet aantrek om die nuwe stel omstandighede van die 21ste eeu die hoof te bied is nie meer debatteerbaar nie. Om die *jeug (kerkjeug en ander)* as *voedingsbron* terug te wen is ononderhandelbaar. So ook die *reserwemag* wat in die *twee derdes* setel. Die inisiatiewe wat reeds op sinodale vlak aangepak is, is daarom bemoedigend.

Die kerk moet miskien iets gaan leer uit die bemarkingstrategie van 'n befaamde Duitse motor. Die ontwerp en bemarking van dié motor was vir dekades ingestel op die sogenaamde "status"-mark. Vir baie lank het dit baie goed gegaan totdat hulle eendag besef het dat verkope begin daal omdat die kliëntprofiel verouder het. Die motor se ontwerp het net eenvoudig nie jonger motorkopers aangespreek nie – die voedingsaar was toegedruk. Onnodig om te sê die direksie het 'n "regsomkeer" gemaak en siedaar die C-klas! As mens vandag terugkyk, lyk dit na die mees logiese en vanselfsprekende stap wat hulle kon neem. Moet egter nie uit die oog verloor nie dat dit deur grondige marknavorsing voorafgegaan was.

In die bestuurswese was en is *bosberade* 'n handige instrument om 'n onderneming se strategie te bepaal. Hoekom? Dit gee die strategiese leiers die geleentheid om hul besigheid van 'n afstand af te beskou. Die "takke kan weggesny" word totdat die basiese struktuur blootgelê word ("You can't see the wood for the trees" sê die Engelse). Soms help dit om die feite tot jou beskikking te oorvereenvoudig sodat die basiese rigting bepaal kan word. Ek erken dadelik dis nie so eenvoudig nie, dis idealisties en nog baie ander dinge maar dit het my gehelp om rigting te kry.

As ek die Bybel op 'n sekere manier lees (Dr Coenie Burger se boekie " Stories vir ons tyd" het my baie hiermee gehelp) dan sê dit van Genesis tot Openbaring op een of ander wyse:

God se mense moet sorg

(lees moet betrokke wees) *dat alle mense*

op die aarde hoor die enigste ware God wil nie hê hulle moet weens hulle sonde verlore gaan nie.

Dit sê verder dat *hoe beter die kerk* (God se mense) *hierdie opdrag uitvoer hoe gouer sal Hy sy kerk uit hierdie aardse bestaan verlos.* Dit is die primêre taak én die "beloning". Al die ander dinge wat die kerk doen en hom mee besig hou moet hierdie primêre taak of missie ondersteun. Mens wonder soms of die kerk nog dié bal in die oog het as jy na gemeentes kyk. Jy sien ook dat die geworstel om geld in te samel, dikwels net gaan om die bestaande dienste in stand te hou!

Getuienis na buite (kerkplanting) is tradisioneel op die kerk se sakelys. Soms net een van baie sake. Dan suip dit ook nog dikwels aan die agterspeen weens 'n gebrek aan finansies. *Getuienis na binne* (evangelisasie/gemeentevernuwing) ... oordeel self hoe sterk dit op u sakelys figureer.

Miskien moet die kerk van Sinodale kant af nuut dink oor sy kommissiestruktuur: Twee kommissies wat die missie dryf – kerkplanting en gemeentevernuwing, met 'n derde kommissie vir steundienste – diakonaal, voorbidding, eenheid ens. Soms dink ek ons werk andersom. Ons sê ons het 'n baie sterk infrastruktuur, dalk die sterkste (Kategese, Diens van barmhartigheid, Opleiding ens). Ons beoefen naasteliefde, maar ander kom en stig gemeentes/kerke. Hoekom?

'n Zambiese sendeling wat in die noorde van Mosambiek werk het onlangs 'n paar raak opmerkings gemaak oor hoe die satan die kerk verwar om te keer dat hy sy primêre missie volvoer: Satan ken God beter as mense – hy was 'n engel in die hemel. Hy ken ook die Bybel baie goed. – Hy weet hoe gouer die evangelie aan al die mense verkondig word, hoe gouer word hy in die hel gewerp, dus hoe korter is sy "heerskappy" op aarde. Plaas jouself vir 'n oomblik in sy skoene en dink oor 'n strategie wat jou tyd op aarde langer sou maak. Die effektiewe stappe is redelik voor die hand liggend:

* **Skuif sendingwerk na die sylyn, maak dit hoogstens een van baie sake. (dit is mos daar, dit geniet darem aandag);**
* **Knyp die finansiële voedingsaar toe (dit kry 'n bietjie fondse, maar daar is ander sake met hoër prioriteit).**

Satan ken God beter as mense – hy was 'n engel in die hemel.

Daar is nog ander strategieë ook, maar hierdie twee is voor die hand liggend en klink ontstellend bekend en waar!

As ouderlingverteenwoordiger op die Moderamen van die Kaapse kerk is ek saam met ons kerkleiers

opgewonde oor die denke en inisiatiewe rondom kerkvernuwing.

As gemeentes bid ons dat die Here julle daadwerklik met nog meer wysheid en helderheid van denke sal seën om sy kerk te posisioneer vir die tyd, tye en 'n halwe tyd tot Hy weer kom.